Die bekeerling

Stefan Hertmans

An extract

Original title De bekeerlinge
Publisher De Bezige Bij, 2016
Translation Dutch into Afrikaans
Translator Daniel Hugo

© Stefan Hertmans/Daniel Hugo/De Bezige Bij/Flanders Literature – this text cannot be copied nor made public by means of (digital) print, copy, internet or in any other way without prior consent from the rights holders.

I Die Berg van Jupiter

1

Dit is vroeg in die oggend, die eerste sonstrale kom pas bo die heuwelrug uit.

Vanaf die venster waar ek oor die vallei uitkyk, sien ek in die verte twee mense naderkom. Ek dink dat hulle van die hoogland van Saint-Hubert kom, vanwaar jy sowel die top van Mont Ventoux as die vallei van Monieux kan sien; daarna moet hulle ’n ruk lank deur die skraal eikebos op die hoogvlakte loop – daar waar die wolwe rondswerf.

Die beroemde Rocher du Cire – die steil, monumentale rots waar die bye hoog en onbereikbaar nesmaak, en die klip in die somerson soms letterlik blink van die heuning wat van die rotswand afdrup – staan nog steeds ongenaakbaar en verlate daar, massief weggesink in die oggendmis. Dit alles het die twee mense gesien en sonder ’n woord daar verbygeloop.

Die lig val skuins op die gestaltes wat nog klein vertoon. Hulle daal moeisaam af van die punt waar deesdae die landgoed La Plane soos ’n waghond bo die vallei lê, met die s-vormige pad wat na die linkeroewer van die rivier lei – vir hulle is dit die regterkant, want hulle loop stroomopwaarts. Hulle verskyn en verdwyn soos wat hulle tussen die bome opdoem of daaragter wegraak. Daarna kom hulle uit op oop grashellings en daal ’n bietjie vinniger af. Daar kan hulle die halfvoltooide toring sien opdoem op die hoë rotsmuur, soos ’n gerusstellende baken. Noudat die son ’n bietjie verder gestyg het en sy strale op die vallei val, sien hulle die dorp; omdat al die huise gebou is met natuurlike klip en in die skemer amper onsigbaar is, lyk dit of die dorp wonderbaarlik loskom uit die rotswand en vorm kry vanweë die lig. Asof iemand ’n groot gordyn wegtrek en ’n slapende landskap sigbaar word.

Die skemerblou vervlugtig gou. Geelgrys tinte kry die oorhand. Die laaste wolke word deur die hitte vervorm tot reusagtige, broos rotse in ’n pers hemel; oor die rivierloop lê ’n wit sluier wat sienderoë verdamp. ’n Swerm byevreters swenk reeds bo die dakke.

Toe die twee nog ’n paar honderd meter nader gekom het, sien ek die man loop met ’n ruwe houtkierie. Die vrou hink, dit is vir haar klaarblyklik moeilik om te loop. Hulle lyk albei afgemat. Het die vrou haar voet verswik op een van die rowwe paadjies op die hoogland of maak haar skawende skoene haar seer weens die lang en swaar dagmarse? Ek verstel die verkyker en sien nou ook dat sy hoogswanger is. Die man het ’n wye hemp aan en ’n primitiewe soort hoed op sy kop. Soms help hy

die vrou om oor iets te trap deur haar aan die elmboog te vat. ‘n Tweede man met ’n groot sak op sy rug doem agter hulle op. Hy volg in hul voetspore en lei ’n muilesel agter hom aan.

Hoe vroeg sou hulle vanoggend opgestaan het? Is hulle deur die koue gewek onder ’n boom? Het hulle in ’n herberg wakker geword? In die weidse stilte van die lenteoggend sing die nagtegale nog in die struike by die rivier. Jy kan hulle tot hier hoor; hulle uiter melodieuse, kranksinnige gilletjies. Toe die son heeltemal bo die heuwel uitkom, seil ’n uil geruisloos oor die skewe eike en verdwyn tot die volgende aand. Tydlose rus; die veraf gehuil van ’n wolfhond; ’n koekoek wat eentonig roep en oor die eensame bosse by Saint-Jean fladder. Die landskap ruik hemels in die vroegoggend, dit adem ’n bo-aardse skoonheid. Op hierdie lente-oggend is al die irisse oop, die wilde kersieboom is vol bloeisels, die roosmaryn is oortrek van helder blommetjies, die tiemie se aroma styg op saam met die warmte van die dou. Warmte van die dou, Hamoutal: Die vrou se Joodse noemnaam skiet deur my kop.

Ek weet wie sy is. Ek weet vir wie sy vlug.

Ek sou hulle albei in hierdie huis wou verwelkom, hulle trakteer op iets hartverwarmends wat hulle waarskynlik nog nie ken nie, ’n koppie koffie byvoorbeeld. Waar moet hulle kom woon, noudat hul huis al ’n duisend jaar nie meer bestaan nie en die Middeleeuse deel van die dorp onder gras en struike verdwyn het. Binne enkele oomblikke kan die eerste motorkar hulle van skrik ’n hartaanval besorg, en kan dit die jong vrou miskien te vroeg begin kraam.

Die paartjie strompel nou my dorp binne.

Ek ontwaak uit die dagdroom. Ek trek die venster toe, steek die kaggel aan vir die koel oggendure, gaan maak koffie. Nou en dan voel ek die dom aandrang om by die venster te gaan uitkyk. Sonkolle skuif oor die ou vloerteëls; dit is ’n leë, stil dag.

*

Hierdie dorp is in die verlede die Berg van Jupiter genoem – Mons Jovis. Aansluitend by die neolitiese grotbewoning verderaan, is hier lank voor die begin van ons jaartelling die eerste ruwe klippe op mekaar gestapel. Dié beelde raak weg in die nag van die tyd, maar dit bly voelbaar in die oudste huise van die hoër geleë dorp wat tot puin verval het. In die ou kapel aan die rand van die ravyn is op ’n keer ’n klip met Latynse inskripsies gevind, gewy aan Mars Nabelcus, ’n godheid wat die Romeine in hierdie streek vereer het.

Tydens die Middeleeue het die primitiewe huise versprei tussen versperrende rotse en opgeskote eike gestaan, beskut deur die hoë rotswand – ’n natuurlike muur van byna honderd meter lank. Soms kom jy nog op ou huiskelders af in die droë gras, kreupelhout en rotse waarop tiemie groei. Die donker holtes ruik muf en na grond, selfs op warm dae. Hier, hierdie plek vol brame en verdorde wieke waar ek bedags dikwels sit en droom, was op ’n tyd ’n kamer waarin gebore en gesterf is.

Rondom die tiende eeu het vetes losgebars oor die diep waterputte onder sommige kelders. In tye van hitte – die berugte *canicule* – het die water brak geword en die bewoners is vergiftig. Swerwers is beskuldig en gemartel, al was dit net om die idee van ’n offerande lewend te hou. Daar op die hoogland, in die tuimeling van *rafales*, mistral en tramontane het mankolieke bousels gestaan met vensterlose rûe na die wind gedraai, sodat hulle dit eeue lank kon uithou. Hulle het nie wesenlik verskil van daardie primitiewe klipkonstruksies, die *bories* wat herders op die droë vlaktes of in die eikebosse gebou het nie. Toe al het die mense ’n eenvoudige kykgat in die klip gemaak, wat in die winter toegemaak kon word deur die vel van ’n wolf of ’n vos, en soms met ’n styfgespande varkblaas.

Die Middeleeuse huise is gebou op smal erwe sonder behoorlike fondamente. Swaar en halsoorkop gestapel het die metersdik mure teen mekaar aangeleun. Hulle het hoër geword met die

verloop van eeue, maar die boukennis het nie saam ontwikkel nie. Daarom het vanaf die laat agtiende eeu heelwat huise doodgewoon ingestort. Die ruïnes het verval tot skilderagtige kliphope, oorgroei met wilde wingerd wat bloedrooi verkleur in Oktober. Die oorgeblewe geboue leun lank reeds op hul smal, swaar mure soos ou mense op hul kieries. Hulle het die eeue weens opknapwerk deurstaan. Die verkrummelde bindmiddel van klei en sand is vervang deur sement. Die ou eikehoutbalke en geïmproviseerde steunmure is verstewig met beton, die huise word bymekaargehou met staalstange wat dwarsdeur die mure gestoot en daarna vasgemaak is met sierlike smee-ystersringe wat soms lyk na die knypers van 'n skerpioen.

*

Dit is verstaanbaar dat die twee verliefdes hierheen gekom het. Die dorp was al meermale 'n toevlugsoord vir reisigers en vlugtelinge: Jode in die elfde en Hugenote in die sewentiende eeu. Wanneer 'n plek die reputasie kry dat dit verdraagsaam is, raak dit bekend by rondtrekkende mense. Teen die agtiende eeu, toe die dorp in die annale aangedui is met die naam Monilis, was daar byna 'n duisend inwoners. Die nou strate het oorvol geword – ligloos en neerdrukkend in die harde winters op sewehonderd meter bo seespieël, maar koel tydens die lang en warm somermaande. In die straatslote het die pappery gebroei wat die rotte gevoed het. Hulle het op hul beurt die luise gevoed, en die luise het die pes gevoed. In dié omgewing is die eerste gevalle van die pes in die veertiende eeu beskryf. Vier eeue later, tydens die groot epidemie wat via Marseille ingevoer is, is pesmure gebou – streng bewaakte breë opstapelings van rowwe leiklip waar vlugtelinge doodgeslaan is as hulle by die wagte probeer verbykom. Lykplunderaars het rondgetrek om die verspreide dooies van hul laaste besittings te beroof. Hulle het hulself ingesmeer met 'n mengsel van tiemie, roosmaryn, laventel en salie. Bygeloof het die res gedoen. Dié middel het die rowers blykbaar teen besmetting met die pes beskerm. Eenkeer het ek 'n ou vroutjie hierdie klassieke kruieruiker *les quatre bandits* hoor noem. Die pesmuur lê net 'n paar kilometer verder, oorgroei met grasse en kruie.

Hierdie ruwe streek was trots en het hom eeue lank verset teen die sentralisme van Parys. Die bevolking het al hoe meer gemeng geraak. Spanjaarde, Marokkane en Italianers, verdwaalde matrose uit Marseille wat kinders verwek het by mooi plaaslike meisies van die droë, verlate heuwelland. Met tranende oë het die armes in die lentewind gesit tussen die wilde irisse, die klaprose en die yl gesaaide koring. Hul kinders had gewelfde growwe voete, vurige oë en 'n geskende vel. Soms het 'n plunderende bende verbygekom, hier en daar 'n skaapwagter se kop teen 'n muur verbrysel, 'n paar vroue verkrag en, sodra vrees die dorp in sy greep het, gevat wat hulle wou hê. Dan verdwyn hulle oor die heuwelrug en laat die wind, son, stilte, vrees en gebede hul gang gaan.

So kom die dorp, as 'n swerwer uit ou tye, die een-en-twintigste eeu binne. Daar het byna niks verander nie. Vroeg op herfsoggende trek die skaapwagters nog steeds met hul warm walmende trop deur die hoofstraat, die klank van die fyn hoewe en die sagklingelende klokke in verskillende toonaarde is nie wesenlik anders as in die tyd toe Vergilius sy herdersgedigte geskryf het nie; 'n spoor van kuttels en pluisies wol bly agter op die teer, terwyl die diere saambondel en die lammers lawwe spronge maak. Die posbode in die afleweringswaentjie wag geduldig tot die trop die dorp uit is, terwyl hy 'n sigaret rook. In die ou Romaanse kerk word Sondae nog steeds die mis bedien. Die gelowiges sing 'n bietjie vals, dit hoort nou eenmaal by vroom mense.

In die winter is die dorp soms dae lank toegesneeu. Dan leef die inwoners van die voorrade in hul kelders en vrieskaste. Tydens die lang warm somers is die natuur hard en oorweldigend, die droogte mergel die grond uit, die laventel word geoes en 'n brandreuk dwaal oor die hoogvlakte terwyl die kosbare olie uit die plante gepers word. Die tussenseisoene is die mooiste; dan haal die landskap weer asem en zoem die wildebye in die wingerd. Eenkeer is dit oorweeg om dwarsdeur die kloof wat prehistories lyk, in die bedrieglike bedding van die rivier, 'n treinspoor aan te lê om die

dorp makliker bereikbaar te maak vir die laer geleë vlakte. Daar is gou van die plan afgesien omdat dit onmoontlik was om selfs net te perd daarlangs te ry. Eers sedert die negentigerjare van die vorige eeu het die hoogvlakte maklik bereikbaar geword vir motorverkeer, deur ’n pad oor die duisend meter hoë rug van Les Abeilles.

Die dae ken nie ure nie. Jy kan na ’n sonkol staar wat oor ’n ruwe vloer skuif, ’n soort wit lig wat lyk of dit ril en laatmiddag teen die muur opklim voor dit verdwyn. Niks gebeur nie, dit is die enigste gebeurtenis waarvan jy nie kan wegkyk nie. Die tyd doen sy eie ding.

2

Dit is eintlik die rabbi van die dorp, Joshua Obadiah, wat die vlugtelinge vanaf die sinagoge vroegoggend teen die heuwel sien afkom, in die lente van daardie jaar 1091. Hy moes al enkele dae tevore deur ’n bode te perd ingelig gewees het. Hy is bekommerd oor daardie jongmense – nie net omdat hulle beskerming nodig het vanweë hul gemengde huwelik nie, maar ook omdat hy weet dat die vrou binnekort sal geboorte skenk, terwyl dit nog weke kan duur voor hy ’n blyplek vir hulle gereed sal hê. Hy sal vir hulle dan ook onderdak gee so lank as wat dit nodig is. Waarom hulle nie te perd hierheen gekom het nie, kan hy maar net raai. Miskien is hulle oorval deur struikrowers of perdediewe. Miskien het hulle hul soos eenvoudige mense vermom om hul agtervolgers te mislei. Hy wag ongeduldig tot hulle binne die dorpsmure is en stuur sy vrou om hulle by die suidelike poort, vandag nog bekend as die Portail Meunier, te gaan ontmoet. Hulle strompel tot by sy huis – vlakby die plek waar ek, ’n duisend jaar later, somers lank niksvermoedend gesit en lees het en gelukkiger was as waar ook al op aarde.

Hamoutal het ’n diep skaafwond aan haar regtervoet; sy het haar enkel so erg verswik dat die ligamente geskeur het. Die voet is rooi opgeswel, bloed het in swart kolle onder die vel versamel en die enkel dreig om ontsteek te raak. Die rabbi se vrou baai dit in ’n mengsel van laventelolie, brandnetel en lou water. Hamoutal se eggenoot, David Todros van Narbonne, bring Joshua Opbadiah op die hoogte van die jongste ontwikkelinge.

Die rabbi knik nadenkend en trek aan sy baard; sy vrou dep die gevoelige, beseerde voet van die jongvrou.

Wat is jou regte naam? vra die rabbi.

Sy aarsel; wil hy weet wat haar vroeëre Christelike naam was?

David spring haar voor. Sarah, sê hy. My vrou se naam is Sarah.

Hamoutal is die troetelnaam wat ek haar gegee het.

Hy sit sy hand op hare.

Die viertal sit woordeloos by mekaar.

*

Dit is heftige tye. Die godsdiensvrede wat deur Karel die Grote ingestel is, het stadig verbrokkel weens politieke onstabiliteit. Feodale krygshere het oral die mag gegryp en regeer outonoom oor hul gebiede; die sentralistiese orde verloor sy houvas, die toepassing van die wette word willkeuriger. Terwyl Jode en Christene gedurende ’n paar eeue in betreklike vrede saamgeleef het, word daar nou al hoe meer dikwels wrede aanvalle op Joodse gemeenskappe aangemeld. Die afgelope maande het heelwat Jode uit Spanje na die suide van Provence gevlug – spesifiek na Narbonne, die dorp by die see wat oorspoel word deur dakloses op soek

na geluk of ’n veilige heenkome. David se pa, die belangrike rabbi van Narbonne wat deur almal Roi aux Juifs genoem word omdat sy geslag regstreeks van koning Dawid sou afstam, word oud. Hy kan skaars nog sy pligte uitvoer, is uitgeput en ly aan slaaploosheid; bowendien is hy besorg oor die lot van sy oudste seun en sy skoondogter.

Hy het die twee vlugtelinge na hierdie afgeleë plek in Vaucluse gestuur in die hoop dat hulle uit die hande van die Christelike ridders kan bly – ridders wat deur die meisie se Normandiese pa vanuit Rouen gestuur is om haar terug te bring. Om in die rigting van Spanje te vlug was te gevaarlik; dit krioel van die Christenpelgrims op pad na Santiago de Compostella. Die gebied rondom Toulouse en Albi weer is te onrustig weens die stryd met die Manicheërs en die opkoms van ketterse bewegings. Daar vind gereeld gevegte en teregstellings plaas. Na groot stede kon hulle ook nie vlug nie – oral word mans gewerf vir ekspedisies na die Midde-Ooste. Daar duik van tyd tot tyd troepe op wat die paaie onveilig maak en skoor soek met die reisigers.

Rabbi Todros het daarom die jonggetroude paartjie in ’n rigting gestuur waaraan Hamoutal se woedende pa nooit sou dink nie: noordoos deur die vlakte by Arles, met die Rhône langs, verby die garnisoenplekkie Avignon – waar die beroemde brug nog nie gebou is nie – verder in die rigting van Carpentras, daarvandaan die heuwels van die grotendeels onbewoonde Voor-Alpe in, nog verder in die rigting van Sisteron, na die suidoostekant van Mons Ventosus waar hy van ’n klein Joodse gemeenskap weet: in die afgeleë bergdorp Moniou – ‘n verbastering van Mons Jovis. Sy kollega Obadiah sal die jong egpaar sekerlik beskerm en ’n blyplek bied. Joshua Obadiah, afkomstig uit die Spaanse Burgos, was ’n jeugvriend toe hulle albei die Tora in die Joodse skool van Narbonne bestudeer het. Die verlate bergagtige streek van Moniou is sedert 1032 ’n onderdeel van die Rooms-Duitse Ryk, dit wil sê buiteland vir die Galliese ridders wat die meisie soek. Verder is dié bergstreek daarvoor bekend dat Jode en Christene hier meestal vreedsaam met mekaar omgaan. Obadiah knik goedkeurend vir die jong Todros en sê dat sy pa ’n wyse besluit geneem het.

*

Een middag dwaal ek deur die Middeleeuse ruïnes van die dorp. Die huidige burgemeester het die bouvalle van die Middeleeuse buurt onlangs “Le Jardin de Saint-André” vernoem na die kapelruïne wat hoog bo die dorp op die uiterste rand van die ravyn staan. Hier en daar steek ’n halwe Romaanse boog bo die onkruid uit. Ek loop met die steil pad boontoe. Daar word pogings aangewend om ou mure te restoureer, romantiese probeerslae tot rekonstruksie, meestal opstapelwerk van ’n groepie vrywilligers, jongmense wat die somer hier kom deurbring en dae lank swoeg met klippe en pikke voor hulle terugkeer na hul somerkamp. Hulle rig bouseltjies op wat bedrieglik oeroud lyk, skoffel lukraak gelykgemaakte terreine skoon, waaronder nog ruïnes lê en waarop jong olms en eikeboompies opskiet. Geen mens bekommer hom oor die historiese kwesbaarheid van hierdie plek nie. Deesdae lyk dit na ’n groen oase, ’n terras vol veldblomme, ’n tuin met muurtjies wat uit Middeleeuse puin opgebou is. Alles staan daar asof dit al eeue lank so was. Maar hierdie vreedsame tuin was destyds die digsbevolkte deel van die dorp, met nou straatjies en hoë somber huise styf teen mekaar gedruk. Hier het die rumoer, die stank en die daaglikse bontheid van ’n Middeleeuse samelewing geheers, intens by mekaar betrokke, krioelend van lewe. Hier is geleef en gesterf, geslaap, gewerk en gevloek, is die liefde bedryf en het kinders in die wêreld gekom onder die mees primitiewe omstandighede. Nou kronkel ’n veelkleurige veldslang vinnig voor my voete onder bros takke weg. ‘n Paar bokke wat uit hul lamlendige kraal gebreek het, loop bokant my op ’n rots; hulle spring en kou, hulle kyk

uit hul geel duiwelsoë asof hulle in ekstase is en verdwyn hemelwaarts agter die bergrug. Bo die hoë rots sirkel ’n buiserd traag. Die stilte is onheilspellend. Dit is asof ek diep onder die grond die tyd kan hoor brom.

*

Die sinagoge en David Todros se huis moes naby mekaar gewees het – hoogstens tweehonderd meter vanaf die plek waar die ou huis staan waar ek nou sit en skryf. Verder kan dit nie wees nie, want dan bevind jy jou reeds buite die dorp se ommuring. Die erwe van die huise aan die suidekant was opvallend klein. Dit dui daarop dat die Joodse buurt aan dié kant was; Jode het altyd klein erwe toegewys gekry – ’n manier om hul invloed en rykdom te beperk. Omdat die erwe wat op ’n skerp punt uitloop, soos ook myne, reeds herkenbaar is op die Napoleontiese kopieë van Middeleeuse kaarte, weet ek dat op hierdie plek destyds al sulke geboue gestaan het. Dit kon nie anders nie, die twee vlugtelinge moes dikwels deur hierdie straatjie geloop het. Hul nabyheid is nog voelbaar in die weidse stilte oor die landskap. Ek daal weer af na die huidige dorp – asof jy uit ’n ver verlore tyd sommer weer in die teenwoordige tyd kan inloop.

Ek gaan by my lessenaar sit en blaai in ’n wetenskaplike artikel wat ’n tiental somers gelede aan my besorg is deur ’n bejaarde buurman uit Suid-Duitsland. Hy woon al dekades lank hier in ’n ou, idilliese huis. Jy moet dit ’n keer lees as jy ’n bietjie tyd het, het hy gesê. Ek het ‘n kopie gemaak en dit in die laai van my oupa se skryftafeltjie gesit, by die lêers wat hy my destyds gegee het. Die artikel, het ek later gesien, is gewoonweg “Monieux” getitel. Dit is in 1969 gepubliseer en geskryf deur Norman Golb, ’n beroemde kenner van die ou Hebreeuse geskiedenis.

3

Noudat die jong vrou met haar verswikte voet in ’n kommetjie met laventelolie sit, besef haar man eers hoe uitgeput sy is. Die swelsel aan haar voet sak nie en dit lyk lelik met die swart-geel kolle van die onderhuidse bloeding. Die kind beweeg woes in haar buik; die rabbi vrees dat sy onmiddellik gaan geboorte skenk. Hulle laat haar lê op ‘n kort bed van eikehout. Omdat sy nie ophou bewe nie, word vuur gemaak. Sy raak dadelik aan die slaap toe sy die eerste hitte van die kaggel voel. Die sonkolle skuif oor die ou teëls.

Dit is ’n stil, soel dag. ’n Buiserd hang bo die steil rotswand, daar bo by die toring wat in aanbou is, waar jy vaagweg die geklink van hamers op die klippe kan hoor. Die rabbi wonder hoe hy die agterdogtige priester van die kerkie van Saint-Pierre, aan die ander kant van Moniou, moet oortuig dat die pas gearriveerde hoogblonde vrou met die blou oë ’n Sefardiese Jodin is.

Rondom sesuur sink die son agter die hoë rots weg. Die lig raak dadelik blouerig en yl, terwyl aan die ander kant van die vallei ’n rooier wordende gloed in die bosse bewe. ‘n Paar tellings lank ruis die struike en bome hewig by die rivieroewer. Dan heers die eindelose stilte weer van hierdie verlate hoogland.

Die jong vrou skrik wakker wanneer dit al donker is. Sy het geen idee waar sy is nie en raak paniekerig. Dan sien sy stadigaan die buitelyne van ’n muurkas, ’n donker kis, ’n stoel. Sy voel ’n skerp pyn deur haar lende skiet wat haar asem wegslaan. Sy gee ’n gedempte kreet. Dadelik gaan die deur oop. Die vaal skynsel van ’n flikkerende vlam skiet teen die mure op. Dit is ‘n ou vrou, sy het ‘n kom water en ‘n pak doeke saamgebring. Sy gaan woordeloos met geboë hoof en gevoude hande waak langs die bed, waarin die vrou sweet en rondwoel. Sy mompel ou, onverstaanbare gebede. Ná ’n uur van aangroeiende geboortepyne val die jong vrou weer in ’n diep slaap. Sy raak met ’n bonsende hart in die middel van die nag wakker en kokhals van die pyn. Die waker is weg. ’n Ongelooflike groot maan het bokant die oostelike heuwel opgekom. Deur die klein vensteropening glinster en tril die lig soos ’n lewende wese die kamer binne. Sy voel dat sy dringend moet pie; sy sukkel half aan die slaap uit die bed, soek haar uitgetrapte skoene en wankel buitentoe. ’n Geboortepyn trek snerpend daar haar lyf. Verwilder en hygend staan sy in ‘n stegie wat sy nie herken nie. Sy wankel verder en beland tussen rotse en lae struike. Daar hurk sy, duiselig van pyn. Sy dink sy pie, maar dit is haar water wat breek. Omdat sy gehurk sit, begin die bevalling skielik in alle hewigheid. In ’n waas van pyn voel sy hoe sy daar onder skeur. Sy kreun soos ’n sterwende dier, sy huil en snik, val agteroor tussen twee klippe en beseer haar rug. Daar verskyn ’n koppie uit haar onderbuik. Sy hyg soos ’n besetene, sy druk en kreun, wroet met haar hande in die droë grond, druk dan weer hulpeloos op haar lende, gryp tussen haar bene en voel die bloed stroom. Sy ril van angs en pyn. Dit lyk of die maan nog helderder skyn; sy voel die nagkoelte op haar deurweekte onderlyf. Terwyl die ding bewegingloos tussen haar bene uitgly op die stof en gruis, verloor sy haar bewussyn.

Dan klink daar skielik ’n geroep en gehardloop in die smal steeg op, deure klap. Sy word ondersteun, saam met die plasenta spuit ’n groot straal bloed uit haar. Die meedoënlose maan skyn in haar oë. Sy huil skril, roep haar ma se naam. Die ou vrou sny met ’n ruwe mes die naelstring deur, sy gooi water oor die onderlyf van die vrou wat haar kop heen en weer swaai, sy vat die bleek baba aan sy voetjies, skud hom, slaan hom tot hy die begin van ’n flou kreet laat hoor, ’n snik wat oorgaan in ’n gegil en geskree. Terwyl die bewustelose jong vrou deur drie vroue binnetoe gedra word, wys die vroedvrou na iets wat reg langs die pasgebore kind gelê het: ‘n groot slang wat, skaars in staat is om te beweeg weens die nagkoue, uiters traag en soos in ‘n droom tussen die rotse weggly. Mompelend in die eerste oggendskemer sê David by die kraambed die ou-ou woorde: *Baruch ata Adonai Elohanu Melech Haolam …*